DEEL 114 | WEEK 34 | 26 AUGUSTUS 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# BRONNIES ONTMASKER



OP BLADSY 3



*Bronnie-hokkiedag suksesvol nadat byna 480 hokkiebokkies die wind en weer trotseer en puik hokkie speel.*

OP BLADSY 4



*Bek-en-Klouseer bly 'n kopseer nadat meer as 60 000 beeste in die Vrystaat positief getoets het vir die siekte.*

Plekke! Ligte! Musiek! Aksie! en die oomblik wat die groot gordyn lig, word alle maskers weggegooi omdat Hoërskool Heilbron nóú positiewer as óóit is. Jy het reg geraai - die skool is vir maande lank al hard aan die oefen om volgende week sy grootse revue-produksie op die planke te bring. Diè revue is 'n tweejaarlikse projek wat deur die skool aangebied word om fondse in te samel, maar as gevolg van Covid en die daaropvolgende inperkingsmaatreëls, moes ons vier jaar wag om in die skouspel te kan deel. "Ontmasker en positiewer as ooit" is vanjaar se tema en soos ander jare neem elke leerder van Graad R tot Graad 12 aan die geleentheid deel. Selfs die onderwysers stof hul tekkies af en dans dat hul sole brand.

"Die uitdagings is dat jy met leerders van alle groottes en gawes werk. Die passies moet só uitgewerk word dat die eerste span se stut en ritmiese hip-hop dansertjie beide hul harte daarin kan uitleef. Dit moet eenvoudig genoeg wees sodat die outjie in die grondslagfase die dansie kan uitvoer en ingewikkeld genoeg om die wiskunde-*boffins* se koppe aan die draai te hou. "Maar weereens sal ons die kykers verbaas en hulle na hul asems laat snak'', het die skool verseker. Indien jy lief is vir musiek, 'n hart het vir plattelandse kinders en 'n verskil wil maak in ons Afrikaanse skool se toekoms, kry jou kaartjie by die skool se kantoor en maak seker jy neem jou sitplek betyds in. Dié gaan een vir die boeke wees.








# *Uit die pen:* Week 34 van 2022

Ons het gereeld werkswinkels vir onderwysers gehou. Ek het, toe ek aangestel is, myself voorgeneem dat ek altyd 'n sinvolle werkswinkel sou aanbied. Niemand mag voel dat hulle besig is om hul tyd en energie te mors nie. Ek het genoeg sulkes bygewoon.

By een werkswinkel sit Jakkie, my kollega, heel agter in die lokaal terwyl een van ons ander kollegas 'n sessie aanbied. Die agterste deur is net so neffens hom. Jakkie sterk homself heerlik uit, sy voete rus op die voorste stoel en hy skuif reg om heerlike te ontspan.

Die agterste deur gaan stadig oop, en daar kom 'n man ingestap. Netjies aangetrek. Jakkie maak vir hom plek langs hom, nooi hom uit om langs hom te kom sit. Jakkie sit weer sy voete op die voorste stoel en strek homself weereens tot sy volle lengte uit.

"Toemaar, jy is nie die enigste een wat laat was nie, ek was ook effens laat."

Jakkie glimlag gemoedelik en die man langs hom gee 'n skalkse glimlag.

Jakkie steek sy hand uit: "Luister, ou maat, my naam is Jakkie."

Die man steek sy hand uit:

"Aangenaam. My naam is Piet."

(Natuurlik het ek weer die name van die persone verander to protect the innocent.)

"Welkom, Piet, welkom. Hoop jy is gereed vir 'n laaaang sit."

En so sit die twee en luister na die werkswinkel.

Na afloop van die werkswinkel kom een van ons hoofde na vore om die onderwyshoof van die provinsie aan ons voor te stel. Jakkie val byna reg agteroor toe hy agterkom dat Piet die onderwyshoof was.

Ons het nie weer vir Jakkie gesien totdat die onderwyshoof sy ry gekry het nie.

Met die bekendstelling van 'n nuwe kurrikulum word al die Vrystaatse en Noord-Kaapse vakadviseurs Kimberley toe genooi vir 'n weeklange werkswinkel. Sodat ons opgelei kan word om ons onderwysers te gaan oplei.

Ons bly in 'n hotel (ek mag seker nie die naam noem nie, maar dit klink soos "Vakansie" in Engels) en kry 'n koopbewys vir ons aandetes. Ontbyt word by die konferensiesentrum, omtrent 8 kilometer van daar af bedien, so ook 10:00 se versnaperinge saam met koffie en tee, middagete en 15:00 se versnaperinge saam met koeldrank. Daarna aandete. Ons kon by een van drie plekke naby die Vakansiehotel gaan aandete eet.

Iewers gedurende hierdie hele weeklange eet- en werkswinkel raak mens moeg geëet. Baie moeg.

Die eerste aand is dit 'n avontuur: ons gaan na die braairestaurant wat op die grondvloer van die Vakansiehotel geleë is. Ek en boesemvriendin kry vir Jakkie (ja, dieselfde Jakkie as hierbo) en nog twee kollegas in die restaurant. Ons twee bestel 'n groot bord vol knoffelgarnale. Ons eet en eet en eet, maar kan nie alles opgeëet kry nie. Die drie mans moet later help. Dis nou nadat hulle elkeen 'n heerlike biefstuk baasgeraak het.

Alles gedek deur ons aandetekoopbewys.

Die volgende aand gaan ons na 'n kleiner restaurant, effens af in die straat. Hulle het ook knoffelgarnale en ons besluit om dit te probeer. Terwyl ons eet, vergelyk ons die kwaliteit en natuurlik die kwantiteit van die twee disse. Die braairestaurant wen loshande.

Teen aand nommer vier is ons redelik uitgeëet (uitgevreet klink darem net te kras) aan al die kos. Dankbaar, maar dik.

Ons eet, soos gewoonlik, saam met die drie manne. Hulle is, soos gewoonlik, stormhonger. Ons is deurgeëet.

Hulle ruk 'n stuk papier uit: elkeen se bestelling moet opgeskryf word en die totale bedrag uitgewerk word. Hoekom? Wil ons weet. Sodat die manne kan uitwerk hoeveel biefstukke hulle nog kan eet op ons koopbewys. Jy weet mos: vleis is duur.

Uiteindelik is die week verby en ons ry terug huis toe. Met heelwat meer gewiggies as vroeër.

By 'n ander opleidingsgeleentheid is ons aan die buitewyke van Bloemfontein. Die laaste dag moet ons al die bagasie oppak en solank in ons opleidinglokale hou, want ons moet 09:00 uit die kamer wees.

So stap ek met my wielietjiestas, slingersak-smuktassie, slingersak-handsak en slingersak-skootrekenaartas van die hotel na die opleidingslokaal, so 50 meter van mekaar.

Voor my het nou net 'n bus gestop. Die mense is van 'n bekende kerkgroep wat gereeld traktaatjies by jou huis kom aflewer en jou snaakse vrae vra oor die 144 000 mense wat gered gaan word. Die mense is baie vrolik, en party van hulle neurie Hallelujaliedere. Ek sing in my kop saam.

Iewers op pad na die opleidingslokaal raak ek verstrengel in al die slingersakke wat om my voete knoop. Ek het geen hande om te keer nie, en slaan soos 'n dooie voor die bus vol kerkgangers neer.

Wat mens mos gewoonlik doen is om so gou moontlik te probeer opstaan, jou knieë af te skud, jou ego op te tel en laggend verder te stap.

Ek probeer opstaan, maar ek kom nie los uit al die slingersakke nie. (Vir ingeval jy vergeet het: 'n slingersak is die mooi Afrikaanse woord vir 'n "sling bag.") Ek skop hierdie kant en dan trek dit daai kant my voete op 'n knoop. Uiteindelik gee ek moed op.

Die Hallelujatannies kom tot my redding. Elkeen gryp 'n tas of 'n sak en hulle wriemel my lyf daaruit. Die een, nogal 'n groterige tannie, soortvan tel my op en sit my op my voete neer.

Ek probeer kyk waar ek my ego laat val het, maar sien dit nêrens nie. My knieë is te seer om dit af te skud. Ek bedank die Hallelujatannies wat steeds kyk of ek padwaardig is.

Ek wil-wil verder na die lokaal toe stap toe die groot ene my keer.

"You see, this is why we pray every morning."

Ja, Hallelujatannie, ek het 'n hele lys mense vir wie ek elke oggend bid. Ek sê glad nie dat dit nie gaan werk nie, maar ek wil my verstout om te sê dat die lys mense se behoeftes groter is as my behoefte om nie te val nie.

Ek het my ego heelwat later daardie dag opgespoor.

# PIET SMIT BY AGS-KERK



Die AGS-Kerk Heilbron het Sondag 21 Augustus 'n besonderse bediening aan die gemeente oorgedra. Pastoor Derick de Lange het vlugtig die gemeente individueel gegroet en die oggend geopen met 'n kort skrif uit die Bybel. Piet Smit, die bekende Christelike sanger, het van daar af die diens oorgeneem. Die oggend was in 'n ligte luim en gevul met stories en lekker liedjies. Piet het ook die gemeente 'n paar keer geseën en bypassende liedjies gesing. Ongeveer 200 mense het die bediening bygewoon. Pastoor de Lange vertel dat hy Piet beslis weer volgende jaar gaan nooi, maar dat hy ook reeds planne het om Dudly Mans van Kruiskyk die 6de November na die kerk te nooi. Pastoor de Lange voeg by dat enige iemand by die AGS-kerk welkom is.



*Op die foto vl: Pastoor Derick van die AGS-Kerk Heilbron, Elmarie Smit en Piet Smit.*

# CANSA ON THE MOVE FOR THE YOUTH

■ Heilbron Clinic

**DID YOU KNOW FACTS**

• Childhood cancer is not transferable. 77% of childhood cancers can be treated successfully if detected early.

• Most cases of childhood cancer have generic causes.

• Children have a right to a smoke free world – tobacco and secondhand smoke is harmful to children.

• Use of Hubbly Bubblies – are more harmful than smoking of regular cigarettes.

• Play it safe in the sun – only two blistering sunburns can result in skin cancer later in life.

• Balanced lifestyle – regular exercise and a diet consisting of as many fruits and vegetables as possible can reduce the risk of cancer.

Warning signs for child cancer.

C - Continued, unexplained weight loss.

H - Headaches, often with vomiting, at early night/early morning.

I - Increase swelling or pain in bones, joints, back and legs.

L - Lump/mass in abdomen, neck, chest, pelvis or armpits.

D - Development of excessive bruising, bleeding or rash.

C - Constant infections.

A - A whitish persists or vomiting without nausea.

C - Constant tiredness or noticeable paleness.

E - Eyes or vision changes – occur suddenly and persists.

R – Recurrent fevers of unknown origin.

# HUPPEL TRIPPEL KLUB HOU VASVRA



*Dinsdag, 23 Augustus was Vasvradag vir die Huppel Trippelaars. Soos gewoonlik het twee spanne teen mekaar meegeding. Daar is beding vir elke punt - wat mos reg is in 'n kompetisie. Maar alles het in 'n heerlike, ontspanne atmosfeer plaasgevind. Kyk 'n bietjie hoe jy sou vaar met twee of drie van die vrae wat hulle moes beantwoord. Wat is 'n dubbeldekker; en wat is 'n trem? Hoe is daar uitgekom by die uitdrukking: Klopdisselboom? Wat is 'n sondebok; en wat is 'n Judasbok? Hoop jy het net so goed soos hulle gevaar.*

*Op 6 September handel die program oor die ontstaan en geskiedenis van die drie dorpies, Edenville, Oranjeville en Deneysville. Dit beloof om baie interessant te wees.*

# OUD HEILBRONNER MAAK SA SKOLE O/18 SPAN



Die jong rugbyspeler en oudinwoner van Heilbron gaan van krag tot krag in die Wes-Kaap.

Die 18-jarige Sampie Joubert (seun van Riaan en Linky Joubert), het aan die begin van sy Gr11 jaar na Stellenbosch verhuis om te kon deel word van die welbekende Paul Roos Gimnasium. Hierdie gesogte skool met sy sowat 1300 seuns het al 54 Springbok-rugbyspelers opgelewer.

Sampie se graad 11 jaar het goed begin, maar hy het tydens 'n rugby oefening in die eerste kwartaal 'n enkel-ligament geskeur en moes 'n operasie daarvoor ontvang. Terselfdertyd het Covid weer toegeslaan en is alle sportbyeenkomste afgeskaf.

Sampie is later die jaar tot sy koshuis se HK verkies wat opsigself 'n groot prestasie is.

Aan die begin van 2022 het Paul Roos met alle erns die nuwe rugbyseisoen aangepak. Uit 9 senior spanne en strawwe proewe is Sampie vir sy skool se 1ste span nommer (5) slot posisie verkies. Paul Roos se 1ste span het aan verskeie toernooie deelgeneem, onder andere die Noord/Suid Rugbytoernooi wat by die bekende "Affies" in Pretoria gehou is, asook die St John's College Easter Festival en die Wildeklawer-toernooi in Kimberley. Tydens al hierdie toernooie het Sampie uitgeblink en het twee maal die "Dream team" lys gehaal.

In die tweede kwartaal is Sampie genooi om deel te neem aan die Cravenweek proewe wat uit meer as drie rondtes bestaan het. Hier is hy verkies om sy provinsie as deel van die WP XV te gaan verteenwoordig tydens Cravenweek wat gedurende die Julie vakansie in Rondebosch gehou is.

Paul Roos het hulle laaste rugby interskole-toernooi teen die welbekende Vrystaatse skool Grey Kollege die 20ste Augustus gespeel waartydens hulle in 'n fenominale wedstryd vir Grey Kollege 34/19 geklop het op die Markotter stadion in Stellenbosch. Dis die eerste maal sedert 2015 dat Paul Roos vir Grey kon klop. Hierdie oorwinning is gevier met Paul Roos se bekende "Jolla Bolla" aan die einde van die wedstryd asook die aankondiging dat Sampie vir die SA Skole o/18 A span. Hy moes reeds die volgende dag aansluit by die res van die SA skole spelers. Sampie het vir die 1ste maal SA verteenwoordig op 23 Augustus teen Engeland in die Paarl. Hulle tweede wedstryd wat op Supersport uitgesaai word, vind plaas op Saterdag 27 Augustus teen Frankryk. Hierdie talentvolle jong Heilbronner hoop om nog vele sukses in sy rugbyloopbaan te behaal. Hy sal volgende jaar aansluit by Maties waar hy B.Agric gaan studeer.



# HOËRSKOOL REITZ SE TROTS




*Die volgende leerders van Hoërskool Reitz het deelgeneem aan die landwye finaal: Akhona Mabe - graad 9, Quiriané Charilaou - graad 11 en Patience Mokoena - graad 12. Hulle het op 17 Augustus te Buffelspoort deelgeneem en hulle goed van hulle taak gekwyt. Akhona Mabe is aangewys as die landwye wenner van die Afrikaans addisionele taal afdeling, onvoorbereid graad 8 en graad 9. Die skool is baie trots op haar haar.*

# BRONNIES SE TROTS



*Bart Steijn van Hoërskool Heilbron het die Voortrekkers se Presidentsverkenner eksamen geslaag.*

SPAR

Getroue **SPAR KLIËNTE**, hiermee vra ons opreg verskoning vir die huidige voorraadtekort in ons winkel. Ons het 'n voorsieningsketting probleem en werk hard daaraan om dit so spoedig moontlik op te los.

Ons wil julle graag bedank vir julle geduld en getroue ondersteuning.

**Sondag 28 Augustus 2022 gesluit vir voorraadopname.**

# BRONNIE-HOKKIEDAG SUKSESVOL

Hoërskool Heilbron se onderwysers en ouerkomitee was verlede week hard aan die werk om 'n suksesvolle hokkiedag aan te bied. Die hokkiedag, wat 'n eerste was vir Hoërskool Heilbron was, het plaasgevind op die 20ste Augustus, en ten spyte van die koue het ongeveer 480 hokkiebokkies die wind en weer trotseer en puik hokkie gespeel. Hoërskool Heilbron wil net graag elke speler, besoeker, ouer, onderwyser en maat bedank wat deel was van die reusesukses.













VAKANTE BETREKKING

'n Gevestigde boerdery tussen Frankfort en Heilbron benodig die dienste van 'n toegewyde, hardwerkende en eerlike persoon wat verantwoordelik sal wees vir algemene plaaswerk, spesifiek skaap en bees.

VEREISTES EN VERANTWOORDELIKHEDE:
- Ten minste 3-jaar ondervinding in gemengde boerdery (bees, skaap, mielies en soja)
- Goeie bestuur- en kommunikasievermoë
- Geldige rybewys (Kode 14 sal voordeel wees)
- Meganiese kennis
- Kennis van veesiektes, voeding en voedingbestuur
- Bereid om na-ure en naweke te werk

SAFRA BEGRAFNISDIENSTE
Langmarkstraat 53 • Heilbron • 9650
Tel: 058 853 0534 (Alle ure)
Sel: 074 035 7955 (Flippie Kotze)
Sel: 061 023 3600 (Nthabiseng Moloi)

Verassings * Begrafnisse * Grafstene
* Nou ook verassing polisse (18 - 84 jaar)
Skakel gerus vir navrae

CH Water Pipes
14 Ringer Street, Heilbron, 9650
HDPE & LDPE
Manufacturers & Distributors
082 318 8299

# TE KOOP

**VOER TE KOOP**
**Kontak**
**Botha Mouton**
**083 688 8256**

WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00**
**VRYDAE: 07:30 - 16:30 |**
**SATERDAE: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
TEL: 58 852303
Office National

**Ons groet ...**

Ons wil baie dankie sê vir die wonderlike voorreg wat ons gehad het om deel te wees van die gemeenskap van Heilbron. Ons bedank ook almal wat in die 9 jaar wat die Kinders van die Lig ons besoek het, met liefde gehelp het om aan hulle geestelike behoeftes, voeding en kleding te voorsien. Om perd te ry, was vir hulle 'n wonderlike ervaring. Baie dankie dat julle ons gedra het toe ons in die ongeluk beseer is. Ons groet julle en neem wonderlike herinneringe saam na Klerksdorp.

**Seënwense**
**Basie en Berna Pienaar**

**BESOEK ONS VIR AL U SKRYFBEHOEFTE-BENODIGDHEDE**



Herald
Office National
heraldwinkel@heilbron.co.za

## BEDANKING

Die hartseer met die heengaan van ons geliefde Megan sal seker vir altyd ons bybly, maar al die liefde, vertroosting en meegevoel van watter aard ookal word opreg waardeer. Die meelewing, vertroosting en omgee het ons bitter beker in die moeilike tyd leefbaar gemaak waar ons nou berusting vind in ons Hemelse Vader se besluit.
'n Spesiale woord van dank aan ds. Braam vir sy bystand en omgee en al die susters van die NG Moedergemeente wat die verversings en blomme beskikbaar gemaak het in en na die troosdiens. Nogmaals dankie aan ieder en elk vir jul bydraes.

**Abrie, Ria, Dogters en hele Watson Familie**

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*

JCJ SWEISWERKE
**Kerkstraat 19, Koppies**
Ons doen alle sweiswerke, groot of klein.
**Tel: 082 967 3496**
**Whatsapp: 076 888 5739**

**Koppies Internet**



Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Koppies en naby geleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand: 068 338 2916

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
HENDIE LÖTTER
by
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

**BLOEDSKENK-DATUMS - 2022**
**27 September 2022**
**29 November 2022**
Give blood – save life




finance@heilbron.co.za | 058 852 3033
*Pices valid until end of August 2022 | Prices include VAT*




# DIENSTE

**JAYS ELECTRICAL**
Het u 'n betroubare elektrisiën nodig wat Maandag tot Sondag 24/7 beskikbaar is.
**Kontak Jarryd**
**083 488 1640 - (Heilbron Area)**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
VLEISSENTRAAL

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

HOU ONS DORP SKOON!!

**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
- **STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
- **PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
- **PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# TE HUUR

**STOOR TE HUUR**
Vanaf 1 September 2022
**Nicolstraat, Heilbron**
**(Langs Nederduitsch Hervormde Kerk)**
225m2
**Skakel J van Zyl 076 743 8839 of 082 497 5352**

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# ROLBAL- WERK OF PLESIER

Met die winter op sy rug was dit nodig om die rolbalbaan ook bietjie van 'n "facelift" te gee ter voorbereiding van die nuwe seisoen wat op hande is.

Maandag 15 Augustus het die harde werk begin met "scarify" as die eerste stap. Met slim Google langs my kon ek vasstel dat "scarify" in Afrikaans beteken om te kerf, die doel van die aksie is om die dooie grasmat na die winter te verwyder.

Nadat honderde gaatjies met "hollow tine" vurke getrap is, is 'n komposmengsel oor die baan gehark om al die gaatjies te vul, daarna is die baan gelyk (waterpas) geskraap met fyn sand en word daar met groot opgewondenheid uitgesien na die nuwe rolbalseisoen.

Buiten die algemene werkers wat gehuur is vir hierdie werk, ook 'n groot dankie aan Koos Bierman en Flip Fourie vir hulle hulp en bydrae.

Rolbalspelers is 'n baie interessante "spesie" wat vinnig gefrustreerd raak as hulle nie kan balle rol nie, maar gelukkig het Sasolburg Rolbalklub tot hul redding gekom deur Heilbron se spelers uit te nooi om hierdie naweek daar te kom speel.

Nodeloos om te sê, spanne is vinnig bymekaar gemaak en Saterdag sal 'n groot groep spelers duskant die Vaal ontslae raak van hul onttrekkingsimptome.



**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
HENDIE LÖTTER by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

## JAARPROGRAM : 2022
## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 03 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 08 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 15 OKTOBER | ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 04 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2023 MOET NOU BETAAL WORD | |

WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

Please Don't Litter

**Ondervind u probleme om duidelik te hoor?**
**HEAR4LIFE**, 'n gehoorpraktyk van Pretoria, **besoek Heilbron** weer op
**DINSDAG 30 AUGUSTUS 2022.**
Gehoortoetse en apparate teen Mediesefonds tariewe.
Hear4Life
**Skakel /WhatsApp Ria 063 959 3028 vir afsprake.**

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

Spring Savings
Offer valid until 16 Sept 2022
Heilbron Herald Bussiness Cards
Full Colour Ink on 350gsm Matt/ Gloss
250x Single Sides business cards
WAS R529 NOW R449
250x Double Sided business cards
WAS R640 NOW R489
Prices exclude artwork.
Also available double sided business cards, foiling and lamination!
All prices includes 15% VAT.

Ons derm Mikrobioom
'n Wanbalans van ongesonde en gesonde mikrobes in ons ingewande kan bydra tot gewigstoename, hoë bloedsuiker en -cholesterol asook ander gesondheidstoestande.
Maniere om die groei van gesonde mikrobes in jou dermkanaal te verbeter:
• Eet 'n diverse reeks kosse
• Eet gefermenteerde kosse
• Beperk jou inname van kunsmatige versoeters
• Eet prebiotiese kosse en neem 'n probiotiese aanvulling
• Eet volgraan
• Probeer 'n meer plant-gebaseerde dieet
• Neem antibiotika slegs wanneer dit absoluut noodsaaklik is
Dr Joanita Steenkamp - geregistreerde homeopaat

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
R39.95 Disprin Extra Strength
R27.95 WAS R35 Johnson's Baby Extra Sensitive 56 Wipes
R149.95 Gaviscon 300ml Liquid Peppermint
063 721 4950 087 527 0723

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
**DINSDAG - 30 AUGUSTUS 2022**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VANDERBIJLPARK: CHRIS GROENEWALD ALGEHELE UITVERKOPING PLASE, TREKKERS & IMPLEMENTE
11:00, Zeekoefontein
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
**WOENSDAG - 31 AUGUSTUS 2022**
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138
PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
**DONDERDAG - 1 SEPTEMBER 2022**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
HLUHLUWE 2-maandelikse veiling
Stoffel Mouton 082 329 0225
KROONSTAD: EFFICIENT GENES & GASVERKOPERS
70 Suffolk skape
11:00, Hoërskool Trio Landbouterrein
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
**VRYDAG - 2 SEPTEMBER 2022**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za